

What are the names of your neighbours? --- No, I don't know their names. I can only give their clan names.

What are their clan names? Ndungwana and Mswazi, and Mkwati - and others. I don't know their names.

Are you the owner of a motor-car? --- Yes.

Do you still own a motor-car? --- Yes.

Who stays with you in the house? --- Benson Mkiza.

Anybody else? --- No one else.

Is he a Sesuto, Xhosa or a Zulu? --- Chaka.

Chaka. Is he a Zulu? --- That is correct.

Kulati told the Court that a man who is a Zulu stays with you. Have you children? --- I have children, yes.

How many? --- Two.

Are they staying with you? --- They are with my mother.

Where? --- Fort Beaufort.

Are you married? --- Yes.

Does your wife stay with you? --- Yes. Although she is employed.

On occasions do your children visit you? --- Whenever I require them to come and see me, yes. Or during holiday periods.

Then they stay with you in Kwazakele? --- Yes.

When did you buy the motor-car you now possess?

--- Oh it was a long time ago sir.

Which year? --- If I am not mistaken it was 1960 when I bought the car.

Do you know that the African National Congress was declared unlawful? --- Yes.

When did you hear that? --- During 1960.

And do you know that the African National Congress continued their activities after the banning? --- No, I don't.

Do you know about the strike in May, 1961? --- No,

You know nothing about that? --- No.

Do you know about the unrests in Kwazakele/.....



Kwazakele location in May, 1961 .. the end of May, 1961 to be more specific? People not going to work. --- No, but I have been to work every day. I don't know.

You didn't observe anything in the location? You never noticed anything about it? --- No sir. I go to work at 5.30 in the morning. That is when I catch my bus.

In June, 1961 - the night of the 26th June, 1961 - do you remember that night? --- No, I do not remember that night.

You did not observe the small fires in the yards of the residents of Kwazakele? --- I am afraid that would be somewhat difficult for me because I may go to the location now and find fires there.

You know what I am talking about. You know I am not talking about the usual fires you find there. You know that I am referring to the incident when it was done by everybody. --- I am afraid I don't know.

You did not observe extraordinary fires - a number of fires in the location? --- Well I didn't observe it. Bear in mind also sir that it was often that I did not go home but slept in town at my wife's place of residence, my wife's place of employment at least.

26th June, 1962? Almost every resident in Kwazakele lit a small fire outside his house. Do you remember that?

--- Vaguely I think I seem to remember something like that.

What do you remember? --- The little fires that were lit in the yards.

You can read? --- No, I can't.

Can you write? --- I can't write either.

You say you can't read. --- That is what I said.

But how can you drive a motor-car? --- I drive it with my hands.

You drive with your hands but you should notice the

signs/.....



signs- the board along the roads? --- They are visible. They are huge you know!

Can you read the boards? --- Well I see if it is a stop sign.

Have you ever heard whilst you were a member of the African National Congress, have you ever heard the term "chief steward"? --- No, I have not.

"Cell Steward"? --- No.

The witnesses have told the Court that you were the 'Cell Steward'!

BY THE COURT: I can't remember that Mr. Prosecutor.

--- As your Worship pleases.

PROSECUTOR: (Cont.) But I am putting to you that you were a "cell steward". --- I was not.

NO FURTHER QUESTIONS BY STATE PROSECUTOR.

NO RE-EXAMINATION BY MR. BRIGGS.

BY THE COURT: Will you please tell the Court, you say you attended this meeting held on an open space in Korsten?

--- Yes.

And you say you joined because you were told you were going to obtain your freedom? --- Yes.

And you expected that to take place within that year, 1953? --- Yes sir.

What exactly did you expect? --- Well I expected the freedom sir that we would reside happy together. That we would get an increase in salaries.

What else? --- That is all sir.

Is that what you term "freedom"? --- Well that is what was said sir.

And you only joined the A.N.C. to obtain these two things, to live happily together and to get a better salary? --- Yes.

-----  
D E F E N C E C A S E.

STATE/.....



STATE PROSECUTOR ADDRESSES COURT.MR. BRIGGS ADDRESSES COURT.STATE PROSECUTOR REPLIES.CASE REMANDED TO 17-5-1965.VERHOOR HERVAT: 17-5-1965.U I T S P R A A K.DEUR DIE HOF:

In hierdie saak wil ek graag die voorbeeld van die Aanklaer volg deur te begin met hierdie sydelinge ondersoek wat die Hof gehou het na aanleiding van die bewering wat daar gemaak is deur die Verdediging, dat die Polisie die Staatsgetuies moontlik sou voorgesê het, of opgelei het in die aflegging van hulle getuienis.

Hierdie bewering is in die eerste plek in kruisverhoor gemaak toe die getuies Kulati en Magidwana getuienis afgelê het. Dit is veral pertinent aan Magidwana gestel. Later is dit baie pertinent aan sersante Bouwer en du Preez gestel. Dit is 'n baie ernstige aantuiging en die Hof het dit noodsaaklik gevind om ddeglik daarop in te gaan. Dit is belangrik in die opsig dat dit die geloofwaardigheid van die Staat se getuies aantas. Dit is nie vir die Hof so belangrik om vas te stel of die Polisie hierdie mense uitgenooi het om beriggewers te word nie. Of 'n man nou 'n beriggewer word vir die Polisie of nie is nie eintlik iets wat die Hof aangaan nie. Want as 'n reël kom die beriggewer nie voor die Hof nie. Maar dit is 'n baie ernstige aantuiging as dit beweer word dat Staatsgetuies voorgesê word, of geleer word om getuienis af te lê.

Die Staat se houding in hierdie saak was volgens die Hof se mening baie korrek. Onmiddellik toe hierdie  
aantuiging/.....



aantuiging deurgeskemer het het die Staat die getuies van die polisie beskikbaar gestel, net om die Verdediging die geleentheid te gee om hulle onder kruisverhoor te neem.

Die Hof het die getuienis hier gehoor van sersant du Preez wat met verontwaardiging hierdie aantuiging ontken. So ook sersant Barnard en sersant Mfupi.

Nou hierdie aantuiging klink vir die Hof in die eerste plek onlogies. Sersant du Preez het dit dan ook gestel daar was werklik nie 'n rede waarom die polisie hierdie ding sou gedoen het wat die beskuldigdes 1 tot 4 beskrywe. Hulle het reeds die verklarings gehad van Kulati, Magidwana en Biko - veral die laaste twee; Magidwana s'n is in 1963 al verkry. Waarom sou die polisie dan nou grasia wou verleen aan nog meer mense? Soos ek reeds aangedui het, as die polisie beriggewers wou gehad het dan sou hulle anders te werk gegaan het. 'n Beriggewer is 'n persoon wat nie aan almal openbaar word nie en dit sou soos sersant Barnard dit gestel het onnosel gewees het om daar ten aanhore van al die mense nou beriggewers te werf.

Aan die anderkant, gestel nou die polisie sou probeer het om hierdie mense op te lei, of te leer om getuienis af te lê dan kan die Hof net op hierdie stadium sê dat die resultaat 'n bietjie teleurstellend is, want hierdie twee Staatsgetuies het definitief nie getuienis afgelê soos mense wat geleer was om getuienis af te lê nie. Maar nou nog die ergste van die hele ding die is die beskuldigdes se eie getuienis omtrent hierdie punt. Beskuldigdes 1, 2, 3 en 4.

Hulle vertel hier 'n storie van hoe hulle daar bymekaar gewees het by die Nuwe Gereghowe. Hoe die polisie gesê het die mense wat wou huis toe gaan kon hulle hande opsteek en beriggewers word. Dat dit gevra is wat 'n beriggewer is en dit sou dan gesê geword het dat jy enigeen kan uitwys, al is hy iemand wat jy nie van hou nie. Nouja dit is/.....



is 'n baie vae soort storie daardie. Maar die belangrikheid daar vir die Hof is dit, dat die erns van die aanklag is dat die polisie die mense sou leer om getuienis af te lê. En van hierdie vier beskuldigdes is daar net een wat dit in sy getuienis sê. Daar is net een wat pertinent kom sê dat die polisie die sou onderneem het om die mense te leer om getuienis af te lê. Dit is die man wat die minste verstaan het wat daar gesê is. Die man wat nie Engels verstaan nie en die man wat ook nie Khosa verstaan nie. Hy kom vertel hierdie storie - beskuldigde No.1. Die ander sê daar niks van nie, behalwe beskuldigde No.4; nadat hy drie keer sy storie vertel het, het hy niks gesê van hierdie leerdery nie. Maar toe die Hof hom nou pertinent daarna vra, toe kom hy en hy sê hy het dit vergeet.

Dit is ook miskien die moeite werd om daarop te wys dat die Advokaat vir die Verdediging dit nie eers die moeite werd gevind het om op hierdie aantuiging ... om met hierdie aantuiging te handel in sy betoog nie. Die Hof vind dit eintlik net jammer dat hy dit nie eerder geïgnoreer het nie.

Die Hof verwerp hierdie bewering van die vier beskuldigdes. Die Hof beskou dit as vals, ongegrond en moedswillig. Dit is eintlik net terloops. Dit is eintlik net 'n sydelinge ondersoek en dit affekteer nie die saak in die geheel nie, alhoewel dit aan die anderkant 'n groot vraagteken stel agter die geloofwaardigheid van die vier beskuldigdes as getuies.

Die Hof sal nou handel met die klagtes teen die sewe beskuldigdes.

Die eerste klagte is dat hulle lede was, of lede gebly het van die verbode organisasie African National Congress. Dit word meer spesifiek beweer dat hulle lede was voor die verbanning en aangebly het as lede.

Die tweede aanklag is dat hulle gedurende hierdie selfde tydperk, April 1960 tot Desember 1964 bydraes gewerf

het/.....



het of gevra het of gegee het, tot die voordeel van hierdie organisasie.

Die derde aanklag is dat hulle toegelaat het dat hulle huise of persele gebruik word vir vergaderings van die A.N.C.

Dan is daar vier klagtes van die verspreiding van pamflette, of anders gestel - dat hulle deelgeneem het aan die aktiwiteite van die A.N.C., in Mei 1961, Junie 1961, Junie 1962 en Mei 1963.

Die Staat het in hierdie saak getuienis aangevoer hoofsaaklik van twee persone, Kulati en Magidwana. Hierdie persone was saam lede van die verbode organisasie, voor 1960 en volgens hulle eie getuienis het hulle aangehou om lede te bly. Volgens hulle eie getuienis ook glo hulle nog in die beginsels van die A.N.C. Hulle kon vir dieselfde misdaad aangekla gewees het waarvoor julle vandag aangekla is, en so ver soos dit Magidwana betref sal hy ook in die ware sin van die woord 'n medepligtige wees, so ver dit die verspreiding van pamflette en die werwing van bydrae betref.

Dit is dus nodig vir die Hof om hierdie getuies met die grootste versigtigheid te behandel, soos deur ons Howe neergelê. Meer bepaald in die saak van Die Staat teen Zitha waarna ons al voorheen verwys het. Die Hof moet hom gedurig hierso afvra of hierdie getuies nie 'n motief het om die mense voor die Hof in die moeilikheid te bring nie. Die Hof moet op daardie punte waar hulle getuienis oortuigend klink homself afvra of dit nie is reeds vanweë hulle aandeel is in die bedrywighede, of dit nie juis daarom is dat hulle in staat is om so 'n duidelike prentjie hier te skilder nie. Die Hof die doen dit dan ook in hierdie saak.

Nou in die eerste plek wat Kulati betref - dit het vir die Hof voorgekom asof Kulati nie baie gretig was om getuienis af te lê nie. Hy vertel byvoorbeeld van 'n

vergadering/.....



vergadering wat daar in 1964 gehou is by Biko se huis en dan sê hy net daarna hy kan nie enige ander vergaderings onthou nie. Dan kom hy later met 'n omweg daartoe om nou te vertel van die vergadering waar die bestaan van „Umkonto We Sizwe" bespreek is. Hy meld ook nie die vergadering in Jonas se huis toe daar aangekondig is dat die A.N.C. nou tot 'n beleid van geweld oorgegaan het nie. Die Hof voel dat hy nie 'n baie spontane getuie was nie. Maar dit kan tot 'n groot mate begryp word. Dit gaan nie noodwendig teen 'n getuie nie. Die Hof moet hierso in aanmerking neem dat volgens sy eie getuienis hy en die beskuldigdes voor die Hof kamerade was. Dit is alleen menslik dat so 'n getuie nie baie op sy gemak sal wees nie, wanneer hy teen sy eertydse makkers getuienis moet aflê nie.

Magidwana aan die ander kant is volgens die Hof se mening 'n sterker getuie. Hy gee sy getuienis spontaan en hy antwoord reguit op vrae. Daar is egter swakhede in sy getuienis wat die ernstige aandag van die Hof geniet het. In die eerste plek moet die Hof melding maak van sy swak geheue. Hy erken self op party plekke dat sy geheue swak is. Die Hof het daarop gelet dat in ten minste dertien gevalle hy vir die Hof moes sê dat hy nou nie reg kan onthou die gebeure nie. Hy is 'n ongeletterde persoon net soos Kulati en hy moet vir sy getuienis hoofsaaklik op sy geheue staatmaak. Maar die ernstigste moeilikheid wat die Hof ondervind met Magidwana se getuienis is hierdie aspek van die teenwoordigheid van beskuldigde No.4 op vergaderings.

Dit is aan hom gestel in kruisverhoor dat beskuldigde No.4 sê hy het Woensdagaande gewerk en hy kon nie vergaderings bywoon nie. Ek het sy antwoord daarop as volg genotuleer:-

„If accused No.4 says he worked late every Wednesday?"

Antwoord: „It cannot be, he attended meetings." Vraag:

„Even if he says he worked until 9.00 p.m.?" Antwoord:

„There/.....



„There were occasions when he was absent“.

Aan die Hof sê Magidwana afwesigheid op vergaderings was 'n uitsondering. Dit is iets wat selde voorgekom het. En as iemand nie kan 'n vergadering bywoon nie dan moet hy aan die „Chief Steward“ rapporteer. Hy sê self aan die Hof dat as „Chief Steward“ was dit sy besigheid om notisie daarvan te neem as 'n man nie teenwoordig is nie.

Nou Magidwana se getuienis wat beskuldigde No.4 betref kom dus daarop neer dat hy gereeld Woensdagaande vergaderings bygewoon het. Dat daar wel afwesighede was maar dat daardie afwesighede die uitsondering was en nie die reël nie.

Nou hierdie getuienis van Magidwana verskil direk met die getuienis van Mnr. Georgiou, die getuie vir die verdediging. Een van hulle twee moet verkeerd wees. Die Hof moet hier in aanmerking neem dat Mnr. Georgiou skynbaar 'n onpartydige persoon is. Hy het nie by die Hof die indruk gewek dat hy 'n persoon is wat moedswillig hierheen kom en onwaarhede vertel nie. Hy sê vir die Hof dat beskuldigde No.4 gereeld Woensdagaande gewerk het. Hy erken dat daar enkele uitsonderings was by geleentheid wanneer hy iemand anders gevra het om in sy plek te werk. Dan was daar tye wanneer hy op verlof was, en siekverlof.

Nou dit is direk die teenoorgestelde van wat Magidwana sê. Magidwana sê die reël is dat beskuldigde No.4 elke Woensdagaand by vergaderings was om sewe-uur. Die uitsondering is dat hy af en toe weg was. Mnr. Georgiou sê die reël was dat beskuldigde No.4 by sy werk was en by wyse van uitsondering was hy party Woensdagaande nie daar nie.

Die Hof moet hierdie getuienis van Mnr. Georgiou aanvaar. Dit plaas 'n ernstige bedenking op die getuienis van Magidwana. Die Hof verwag van hom as hy 'n eerlike getuie was, dat hy moes onthou het dat hierdie man sekere

aande/.....



aande of baie aande nie teenwoordig was nie. As sy geheue goed was moes hy dit onthou het. 'n Eerlike mens se geheue kan hom partymaal in die steek laat, maar dan verwag die Hof van 'n eerlike mens om nou eerlik te kom sê:

„Ek onthou nie, dit is moontlik dat die man dikwels afwesig was.” As dit die geval was dan sou die geloofwaardigheid van hierdie man se getuienis nie ter sprake gekom het nie. Maar nou, soos dit nou is, twyfel die Hof aan die geloofwaardigheid van Magidwana.

Kulati aan die anderkant help hom nie. Hierdie vraag is ook aan Kulati gestel. Sy antwoord was 'n nie-kommitterende antwoord synde nie eenkant toe en ook nie anderkant toe nie. Ook van hom verwag die Hof dat hy eerlik moes erken het dat beskuldigde No.4 dikwels afwesig was. Die Hof verwag ook dat hy dit sou onthou het. Want hy het skynbaar nie daardie gebrekkige geheue wat Magidwana het nie.

Dit beteken nie dat die Hof noodwendig No.4 se getuienis in alles aanneem nie. Die Hof het alle rede om ontevrede te wees met beskuldigde No.4 se getuienis - om maar net hierdie een punt te noem - hy vertel vir die Hof hy weet niks van hierdie wegblyery van die werk af nie, in 1961. Sy eie werkgewer wat vir hom kom getuienis aflê het het vir die Hof gesê ... en wie die Hof glo, hy het vir die Hof kom sê dat hy wel by geleentheid van die republiekwording afwesig was. Hoe dit ook al sy, die Hof bevind wat beskuldigde No.4 betref daar 'n ernstige twyfel bestaan oor sy bywoning van die vergaderings. Die Hof het baie ernstige oorweging daaraan geskenk of hierdie swakhede in Magidwana se getuienis ook in Kulati s'n, of dit nou net beskuldigde No.4 raak en of dit die Staat se getuienis as 'n geheel raak.

Die Hof het baie ernstige aandag gegee aan die getuienis van die beskuldigdes self. Die Hof vind hulle in

baie/.....



baie opsigte onbetroubaar. Die Hof het klaar bevind dat beskuldigdes 1, 2, 3 en 4 leuenaars is, in soverre dit die aantuiging teen die polisie betref. Daar is ook ander opsigte waarin hulle hulself bewys het as leuenaars. Om weer te noem hierdie bewering van beskuldigde No.4 dat hy nooit van sy werk afgebly het met republiekwording nie, hoewel sy eie werkgewer die teenoorgestelde beweert.

Die Hof het reeds aangehaal uit sake, byvoorbeeld Die Staat teen Zitha en ander wat genoem word. Die Hof neem in gedagte dat wanneer die getuie-getuienis van mense soos Magidwana en Kulati oorweeg word dan is die Hof geregtig om die meriete van hulle getuienis op te weeg teen die leuens van die beskuldigdes. Maar die Hof voel dat dit nie geregtig is om waar daar .. om die nie-meriete van die verdedigingsgetuienis te gebruik om die nie-meriete van die Staat se getuienis aan te vul nie.

Daar is ander swakhede in die Staatsaak. Daar is punte soos byvoorbeeld die onvermoë van Kulati om sommige van die beskuldigdes te verbind met die hou van vergaderings in hulle huis. Dit op sigself sal natuurlik nie deurslaggewend wees nie. Dan is daar die kwessie van pamflette. Daar is die moeilikhede met die uitkenning van die pamflette deur Magidwana, en tot 'n mate ook Kulati. In die lig van die feit dat hierdie mense nie kan lees nie. Daar is 'n ander punt en dit is die erkenning deur Magidwana dat beskuldigdes 1 en 4 op sekere tye afwesig was. Magidwana erken dat beskuldigde No.1 op een tydstep Basoetoland toe was. Hy kan nie sê wanneer nie. Hy kan nie sê of dit in '61 of '62 was nie. Daar is 'n ander geleentheid wat hy sê No.4 gearresteer was maar hy kan ook nie sê wanneer nie.

Nou as jy nou daarteenoor sy bewering vat dat hulle altyd teenwoordig was toe die pamflette uitgedeel was dan meen dit hy moet bloot op sy geheue staatmaak om te sê hierdie twee mense was vir sekere tye weg. Hy weet nie

wanneer/.....



wanneer hulle weg was nie. „Ek weet nie in watter jaar presies nie maar ek kan sê dat toe die pamflette uitgedeel was toe was hulle daar." Nouja die Hof kan hom voorstel dat dit in sekere omstandighede gedoen kan word; dat 'n getuie dit soms kan sê, maar dan verwag die Hof dat die getuie sal verduidelik hoe dit dan nou is dat hy die een ding kan ont-hou terwyl hy die ander ding vergeet het.

Die Hof voel dat as 'n geheel geneem dat daar twyfel bestaan omtrent die klagtes teen die beskuldigdes as 'n geheel. Die Hof moet hulle die voordeel van die twyfel gee.

Die Hof voel dit is sy plig om vir die beskuldigdes duidelik te maak dat hulle hierse ontslaan word nie omdat die Hof hulle glo nie maar omdat die Hof gebreke in die Staat se saak vind. Hulle word vandag ontslaan omdat ons in 'n demokratiese land lewe met 'n suiwer en 'n demokra-tiese regsbegin-sel. Dit is juis daardie dinge wat hulle wou vernietig het. Die dinge wat in hierdie Staat is wat hulle omver wil gooi. Dit is juis daardie dinge wat hulle vandag onskuldig laat wegkom.

DIE BESKULDIGDES WORD ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN  
OP DIE KLAGTES.

.....  
MNR. J.L. CELLIERS.

STREEKLANDDROS.

---



SAAK NO: RC.14/65.

DATUM: 7-5-1965.

(HUMANSDORP)

S E R T I F I K A A T.  
-----

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die voorgaande 'n ware en korrekte weergawe is van die oorspronklike getuienis, deur middel van 'n bandopname-masjien opgeneem in die saak van:-

DIE STAAT TEEN:

1. Clement Tsehla
2. Theophilus Laza
3. Simon (Mamente) Mancam
4. Abel Mancam
5. Welcome Ngundana
6. Mzandile (Radwell) Ngculu
7. Nawayi (James) Nkatsha.

*L. van der Merwe*  
.....

L. van der Merwe.

OORSKRYFSTER.

LUBBE OPNAMES (EDMS) BPK.



Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court  
Records 1958-1978**

**PUBLISHER:**

*Publisher:-* Historical Papers, University of the Witwatersrand

*Location:-* Johannesburg

©2012

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.